

ROEPING & RIGLYNE

TERMYNBLAD VAN DIE VERENIGING
VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

ISSN 1029-8754

Jaargang 64 Nr. 4



Desember 2016



Gedeelte van Calvyn se Akademie te Genève

Christelike universiteit in geloofsperspektief

SO BELY DIE VCHO SY:

DOEL:

Die bevordering van

- ◆ Christelike opvoeding,
- ◆ Christelike onderwys en
- ◆ Christelike wetenskap

“Die hele Skrif is deur God in-gegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot tereg-wysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus.” (2 Tim. 3:16 en 17).

GRONDSLAG

Ooreenkomstig die Calvinistiese Hervorming: die Heilige Skrif as die onfeilbare, geïnspireerde Woord van God, in sy geheel en in al sy dele.

“Die vrees van die HERE is die beginsel van die kennis; sotte verag wysheid en tug.” (Spreek 1:7)

“Aan My is gegee alle mag in die hemel en op die aarde. Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.” (Matteus 28:18-19).

MISSIE

Om deur die bevordering van Christelike opvoeding, onderwys en wetenskap, toegespits op ons eie volk, persone en instellings te lei om op alle terreine tot eer van God te lewe en te werk – vgl. Hand. 1:8 ■

Luk. 22:31-34

SKRIFLIG

DIE WARE GELOOF STERF NOOIT

En die oorwinning wat ons oor die wêreld behaal het, is deur ons geloof. – 1 Joh. 5:4

Om die aanslae waarvan ons gepraat het te weerstaan, bewapen en beskerm die geloof hom met die Here se Woord. Die geloof word wel aangeval deur die versoeking dat God ons vyand is omdat Hy ons kasty. Maar hierop antwoord die geloof dat Hy óók barmhartig is wanneer Hy kasty. Want die kastyding is eerder uit liefde as uit toorn.

Die geloof word ook getref deur die gedagte dat God 'n wreker van die ongeregtighede is. Hierteenoor stel die geloof dat daar vir alle sondes vergifnis is, so dikwels as die sondaar hom tot die Here se genade keer. So kom die vroom hart uiteindelik tog alle moeilikhede te bowe – op watter sonderlinge maniere hy ook al verontrus en ontstel word. Hy laat ook nooit toe dat die vertroue op God se genade van hom weggeneem word nie. Ja, selfs alle versoekings wat hom verontrus en vermoei, loop uit op sekerheid van hierdie vertroue.

'n Bewys hiervan is dat wanneer dit vir die heiliges lyk of hulle die meeste deur God se wraak bedreig word, hulle tog hul klagtes voor Hom neerlê. En wanneer dit lyk of hulle die minste verhoor sal word, roep hulle God nogtans aan ...

Die vlam van geloof word dus nooit so uitgedoof of gesmoor dat dit nie ten minste, as't ware, onder die as verskuil bly nie. Hieruit blyk dit dat die Woord, wat 'n onverderflike saad is, vrugte wat soos hy lyk, voortbring: die lewenskiem daarvan verdor en vergaan nooit heeltemal nie. Die apostel sê in 1 Joh. 5:4 dat die geloof nie slegs teen een of 'n paar aanslae, of teen bespotting, sal seëvier nie. Dit sal die héle wêreld oorwin, al word dit 'n duisend keer aangeval.

Inst. III, 2, 21

Here, ons dank U dat die saad van geloof wat deur U geplant is, nie kan sterf nie.



IN HIERDIE UITGAWE

Redaksioneel	3
Belang van die kerk by Christelike universiteit	4
Taak van die universiteit	7
VCHO-doelstrewes in 21ste eeuse onderwys/wetenskap	9
Humanistiese gevaar	12
Kruis-evangelie in gedrang	14
Praktykmaking van privaat-onderwys	16

Redaksioneel

Met hierdie uitgawe van ons tydskrif is die VCHO se fokus in besonder op tersiêre onderwys, die primêre oorweging waaroor dit teen die middel van die vorige eeu gehandel het. Dit betrek naamlik die “groot saak” waaroor dit inder tyd vir die stigterslede gegaan het. Die deurslaggewende betekenis van tersiêre onderwys is deur diegene binne die gemeenskap van die gelowiges geïdentifiseer as ’n saak wat buitengewone optrede vereis het. Dit illustreer die besorgdheid waarmee daar na tersiêre onderwys gekyk was as die terrein van die instellings van kennis en wetenskap.

Die kerk van daardie jare in die Vrystaat was intens bewus van die invloed van die deurwerking van heersende ideologiese strominge op die akademie en samelewing. In daardie tyd was dit veral vrysinnigheid in die teologie, geestelike ontworteling en sekularisasie en die opkoms van die afvallige evolusionistiese wetenskapsbeskouing, wat uitgesonder moet word. Begryplikerwys was dit hierdie verskynsels wat as bedreigend tot die Christelike geloof gestaan het, wat die kerk tot optrede aangespoor het. Verantwoordelike ampsdraers van die kerk het besef dat daar op die een of ander wyse voorsorg getref moes word dat nie-christelike wetenskap uit die universiteite waarheen Christenouers se kinders vir opleiding (sou) gaan, geweier moes word.

Die belangrike saak vir die stigters van VCHO was derhalwe dat daar aan universiteite in dieselfde leer van die Christelike geloof opvoeding en onderwys aan jongmense uit Christelike ouerhuise gebied sou word. Hier geld ’n belangrike beginsel, naamlik dat die eenheid van die Christelike geloof bewaar moet word, deurdad gesin, kerk en skooluniversiteit

komplementêrend tot mekaar staan. Hoewel hierdie instellings van mekaar onderskei word wat hulle roeping en taak betref, staan hulle nie so afgesonderd van mekaar dat hierdie gemeenskaplike beginsel opgehef sou kon word wanneer jongmense die universiteit betree nie. Dit is en bly steeds dieselfde mens wat as Christelike persoonlikheid voortgaande deur die skool en universiteit gevorm moet word. Die stigters van VCHO het hierdie belangrike uitgangspunte terdeë verreken, en was gevolglik van oortuiging dat daar vir universiteite voorsiening gemaak moes word, waar jongmense Christelike onderwys en wetenskap ontvang.

Ontwikkelinge die afgelope dekades sedert daar tot die stigting van VCHO oorgegaan is, toon dat die stigters met versindheid geseën was. Verskynsels wat hulle oorspronklik as bedreigend identifiseer het, het hulleself inderdaad in ’n mindere of meerdere mate en ook toenemend aan universiteite in Suid-Afrika gemanifesteer. Die VCHO se uitlewing van sy opdrag en roeping, naamlik die bevordering van Christelike opvoeding, onderwys en wetenskap is geboekstaaf vir enigeen om dit na te gaan. In hierdie uitgawe word juis een van die artikels daaraan gewy om aan te toon hoedat VCHO hom in die uitvoering daarvan oor nou net meer as 65 jaar daarop toegelê het. Daar was suksesse van wisselende aard, wat uit verskillende inisiatiewe gespruit het, wat in hoofsaak daarop neerkom dat VCHO hom deurlopend op die universiteite gerig het. Daardeur het waardevolle verhoudinge met onderskeie universiteite tot stand gekom, wat almal ten doel gehad het die uitvoering van die VCHO-missie.

Die tydperk waarin daar met toonaangewende SA universiteite

oor Christlike onderwys saamgewerk kon word het sy doel gedien. Goeie vooruitgang in belang van Christelike onderwys en wetenskap is gedurende daardie eerste 50 jaar van die VCHO se bestaan gemaak. VCHO het terdeë van die geleentheid wat daar benut kon word gebruik gemaak, ter bevordering van sy ideaal. Die tydperk sedert veral die negentigerjare verteenwoordig ’n grootskaalse verandering op die gebied van die universiteitswese soos deur die VCHO waargeneem. Een van die uitvloeisels hiervan, en wat die VCHO se doelstelling en missie direk raak, is die hele saak van ons Christelike lewens en wêreldbeskouing.

Dit is juis die Christelike lewens en wêreldbeskouing wat deur die oorgang van die 90erjare in die gedrang gekom het. Dit raak nie net die lewensbeskoulike toerusting van ondermeer talle studente wat sedertdien aan universiteite afgestudeer het nie, maar dit raak ’n hele samelewing se lewensbeskoulike skering en inslag. Dit is ons waarneming dat die Christelike toenemend verdring word deur die lewensbeskoulike verskynsels van die humanisme, liberalisme en sekularisme, wat met die eeuwending kenmerkend van die SA samelewing geword het. Daar het, na beskeie oordeel, ’n verskuiwing ingetree, wat sonder twyfel ’n alternatiewe kultuur aan universiteite teweeggebring het.

Dit is inderdaad so dat die huidige universiteitswese nuwe uitdagings stel, sover dit die uitvoering van die VCHO se doelstelling en missie betref. Dit beteken egter hoege-naamd nie dat die VCHO sy bepaalde lewensbeskoulike uitgangspunt daaraan moet konformeer nie. Inteendeel, die oortuiging

Vervolg op bl. 13

Die onontbeerlike belang wat die kerk by die Christelike universiteit het

Prof. JAE Adendorff, AP Akademie

Wat het kerk en universiteit met mekaar te doen? Vanuit die hedendaagse samelewing is die antwoord: "Liefs so min as moontlik." Die kerk met sy aanspraak dat die Skrif die finale maatstaf vir leer en lewe is, werk volgens moderne denkers beperkend op die wetenskapsbeoefening van die mens in. Daarom moet die universiteit sy reg op akademiese vryheid ten sterkste teenoor die kerk handhaaf. "Neutrale wetenskap!" is vir die moderne mens die slagspreek waarmee die universitêre taak benader moet word.

Teenoor bogenoemde benadering moet die kerk sy aandrag op 'n Christelike universiteit onverswak handhaaf. Dié aandrag kan op twee gronde gemotiveer word.

1. Skriftuurlik bestaan daar 'n noue band tussen geloof en denke

Die kerk gaan van die Skriftuurlike standpunt uit dat alle waarheid hulle oorsprong in God as Skepper en Verlosser het. Daarom is geloof en denke onlosmaaklik aan mekaar verbonde. God het immers die mens as denkende wese geskep om Hom te ken en met hart, siel, verstand en krag lief te hê. Hierdie kennis van God met die gepaardgaande verheerliking van Hom as soewereine Skepper is die hoogste doel van die menslike bestaan.

Op die belangrike vraag hoe die mens tot kennis kom, gee die Bybel 'n duidelike antwoord: vanuit die besondere openbaring van God. Hy is immers die Outeur en Oorsprong van alle sienlike en onsienlike dinge. Net

Hý ken die volle betekenis van sy skepping. Daarom het die mens die woord van God nodig om vir hom die diepste betekenis van die geskape werklikheid te ontsluit. Hierdie afhanklikheid van die Godswoord ten einde singewend met die wêreld om te gaan, was reeds vóór die sondeval aanwesig. God se eerste woorde aan die mens (Gén. 1:26-28) het hom alles meegedeel wat hy nodig gehad het om te weet ten einde in 'n betekenisvolle verhouding met God en die skepping te leef (Goldsworthy, 2005:41). God se openbaring gaan die wetenskapsbeoefening dus vooraf.

Die binnetrede van die sonde het groot verwarring in en vir die mens veroorsaak. As sondaar weier hy om te aanvaar dat die heelal God s'n is en ontsê hy God 'n plek in sy skepping. God se interpretasie van die werklikheid word deur die outonome mens se vals interpretasie vervang (Goldsworthy, 2005:37). Die kennis van God, wat hy deur God se openbaring kon bekom, word onderdruk. Dit gee aanleiding tot die gesekulariseerde samelewing se aandrag op neutrale onderwys.

Die kerk erken dat die gesekulariseerde mens deur sy neutrale wetenskapsbeoefening tot groot hoogtes m.b.t kennisverwerwing kan uitstyg. Tog sal hy in gebreke bly om die vraag na die sin, doel en betekenis van die werklikheid bevredigend te beantwoord. Daarvoor is die mens van die besondere openbaring van God afhanklik. Hierdie besondere openbaring het in Christus sy hoogtepunt bereik en is in die geskrewe Woord betroubaar opgeteken. Die kerk aanvaar hier-



die Woord as waar en betroubaar en buig deur die wederbarende werking van die Gees gelowig onder die heerskappy daarvan.

Bogenoemde vertrekpunt van die kerk verklaar sy aandrag op 'n Christelike universiteit. Die universiteit as samelewingsinstelling het 'n duidelik-omskrewe taak: Om wetenskaplike ondersoek te doen en wetenskaplike onderwys te gee, m.a.w. om nuwe kennis na te vors en dit oor te dra. Genoemde ondersoek en onderwys is daarop gerig om die student in staat te stel om die wetenskap uiteindelik selfstandig te beoefen (vgl. Lategan, 1989:11-13). Hierdie omgang van 'n universiteit met die wetenskap is, anders as wat deur die gesekulariseerde mens voorgesê word, nooit neutraal nie. Dit word altyd vanuit 'n religieuse grondmotief gedoen. Daar is by die mens immers "altyd 'n gerigtheid aanwesig – óf in die diens van God Drie-enig met die héle hart óf in afvalligheid van God" (Lategan, 1989:10). Ook Ouweneel (1993:324) wys daar-

Vervolg op bl. 5

Vervolg van bl. 4

op dat geen wetenskap sonder voorveronderstellings beoefen word nie. Met verwysing na verskeie skrywers sê hy: "Vandag het wetenskapsteoretici oor die algemeen tot die insig gekom dat wetenskaplike navorsing altyd wortel in 'n voorwetenskaplike, voorteoretiese *sensus communis*, ideologic, 'first order principles', 'n wetenskaplike paradigma of dissiplinêre matriks, 'background assumptions', 'world picture' of 'global assumptions', 'control beliefs', 'life perspective' of 'confessional vision', 'Weltanschauung', of hoe dit ook al genoem mag word."

In die lig van bogenoemde stelling is dit te verstane dat dit vir die kerk as geloofsgemeenskap van die grootste belang is dat geen ander grondmotief as 'n Christelike die universiteit se wetenskapsbeoefening deurslaggewend moet bepaal nie. Die Christelike geloof beïnvloed immers nie net ons daaglikse optrede nie, maar ook wat ons glo, hoe ons dink, skryf, leer, lei, regeer en ander mense behandel (vgl. Dockerty & George, 2012:79). Daarom soek die kerk na 'n instelling vir hoër onderwys waar geloof en leer geïntegreer word in 'n onderwys wat waarlik Christelik is.

2. Histories bestaan daar 'n noue band tussen kerk en universiteit

Vanuit die geskiedenis kan aangedui word dat die Christelike kerk van sy begin af klem op geleerdheid geplaas het. Dockerty & George (2012:80) wys op die feit dat daar aan die begin van die tweede eeu belangrike sentrums van geleerdheid in die Christelike gemeenskappe van Alexandrië, Antiochië en Konstantinopel bestaan het. Dié sentrums se fokus was op kategetiese en apologetiese onderrig aan pasbekeerde

Christene. Dit was egter nie net op kerklike onderrig afgestem nie. Iemand soos Klemens van Alexandrië het byvoorbeeld sy leerlinge voorgestaan in die praktyk om, met die Christelike geloof as vertrekpunt, oor die filosofiese, etiese en selfs politiese strominge van sy dag na te dink.

Hierdie kerklike klem op die intellektuele ontwikkeling van die mens kan regdeur die geskiedenis aangedui word. Dit is daarom nie verbasend dat die kerk tydens die Middeleeue 'n sentrale rol gespeel het in die opkoms van die universiteitswese nie. Nelson (2016:internet) reken dat die universiteit as instelling sy begin gehad het by die insig van Karel die Grote dat hy 'n groep geleerdes in sy ryk nodig gehad het ten einde dit te laat oorleef. Die beste instelling om aan dié behoefte aan onderrig te voorsien, was die kerk. Daarom het hy 'n bevel uitgevaardig dat elke katedraal en klooster in sy ryk 'n skool moet vestig waar seuns met die nodige intelligensie en deursettingsvermoë gratis onderwys kan ontvang. Sy dood en die onstabiele politieke situasie daarna het die volledige realisering van sy plan verhoed. Tog is sommige skole gevestig. Die oogmerk was hoofsaaklik die voorbereiding van priesters vir hulle taak. Dit was dus tot 'n groot mate kerklike onderrig. Teen die 1000's n.C. het daar egter 'n uitbreiding in sommige skole se leerplanne gekom, sodat dit nie net meer op die toerusting van priesters afgestem was nie. Daar het ook 'n diversifikasie van studierigtings plaasgevind, aangevuur deur die behoeftes van die verskillende samelewings. Ons kan dus sê dat die Europese universiteite organies uit die kloosterskole gegroei het.

Sedert die Middeleeue is die belang van 'n Christelike universiteit deur die kerk raakgesien. So 'n instelling,

wat uit die hart van die kerk (*ex corde ecclesiae*) opgekom het, is as een van die belangrikste plekke vir die bevordering van die Christelike tradisie gesien (Dockerty & George, 2012:44). Geen wonder dat die Reformatore so 'n groot klem op die vestiging van akademiese instellings geplaas het nie. Hier kan maar net na Calvyn se Akademie in Genève en Melanchton se Akademie in Wittenberg as voorbeelde gewys word.

Dit is insiggewend dat daar in die geskiedenis van die universiteitswese in Suid-Afrika ook 'n noue verbintenis tussen kerk en universiteit aangedui kan word. In hierdie opsig kan verwys word na die rol wat sekere teologiese inrigtings in die totstandkoming van bepaalde universiteite gespeel het. In 1859 het die Ned. Geref. Kerk 'n Teologiese Seminarium in Stellenbosch opgerig met die oog op die opleiding van predikante en sendelinge vir dié kerkverband. Die ywer van die eerste twee professore aan die Seminarium het tot die oprigting van die Stellenbosch Gymnasium gelei, waaruit die *Stellenbosch College and College School* ontstaan het. Laasgenoemde inrigting was die voorloper van die latere Universiteit van Stellenbosch (Van der Watt, 1980:74).

'n Noue verband tussen kerk en universiteit kan ook t.o.v. die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys aangedui word. In 1869 het die vierde algemene kerkvergadering van die Gereformeerde gemeentes van Suid-Afrika besluit om 'n teologiese kweekskool op te rig. Die oprigters het van meet af aan wyer as teologie gedink. Die kweekskool moes o.a. ook die opleiding van onderwysers dien. Daarmee is "die saadjie geplant waaruit die latere universiteit (te wete die PU vir CHO – JAEA) sou ontspring" (Van der Schyff, 2003:2).

Vervolg van bl. 5

Om die belang van die kerk by die Christelike universiteit verder te onderstreep, kan op die negatiewe gevolge van die skeiding van kerk en universiteit gewys word. Kenney (2016:internet) verwys na 'n ondersoek wat J.T. Burtchaell gedoen het na die gevolge van die skeiding van kerk en universiteit in Amerika. Burtchaell se bevinding is insiggewend: "As a result of that process, the academy has become a culture increasingly alien to religious life, and it is no longer a vested contributor in the life of the church. At the same time, religion has come to play a much diminished role in the education of college students, even at those schools retaining some religious association. All this has helped to reinforce two key modern dogmas: that religion is, if not wholly irrational, at least nonrational, and certainly outside the bounds of intellectual articulation; and that religion is but marginally significant in human life." Bogenoemde proses voltrek hom in toenemende mate ook in Suid-Afrika.

In die lig van bogenoemde beredenering en die haglike toestand van

universitêre onderrig in Suid-Afrika moet Dockerty & George (2012:85) se oproep vir 'n herleefde visie vir Christelike hoër onderwys ondersteun word. Hierdie ideaal sal net aan Christelike universiteite verwesenlik (kan) word. Die Christelike universiteit moet nie met die kerk verwar word nie, maar (moet) as die akademiese arm van God's koninkryk gesien word. Christelike universiteite sal gevolglik weer uit die hart van die kerk moet groei. Die kerk (en daarmee word nie 'n spesifieke denominasie bedoel nie, maar die een algemene Christelike kerk in Suid-Afrika) sal sterker na vore moet tree in hierdie stryd.

Bronnelys

DOCKERTY, D.S. & GEORGE, T. 2012. *The great tradition of Christian thinking: A student's guide*. Wheaton: Crossway.

GOLDSWORTHY, G. 2005. *According to plan: The unfolding revelation of God in the Bible*. Leicester: Inter-Varsity Press.

KENNEY, J.P. 2016. *The Dying of The Light: The Disengagement of Colleges And Universities From Their Christian Churches* by James


Tunstead Burtchaell (Eerdmans, 1998). Reviewed by John Peter Kenney. Internet: <http://vhost4.bc.edu/content/dam/files/offices/mission/pdf1/ra12.pdf>. Toegang: 23 November 2016.

LATEGAN, L.O.K. 1989. *Die wese van die universiteit: 'n Histories-strukturele perspektief*. Bloemfontein: VCHO.

NELSON, L. H. 2016. The rise of universities. Internet: <http://www.vlib.us/medieval/lectures/universities.html>. Toegang: 22 November 2016.

OUWENEEL, W.J. 1993. *Is 'n Christelike universiteit moontlik?* In Koers 58(3). Toegang verkry via internet op 22 November 2016 by <http://www.koersjournal.org.za/index.php/koers/article/view/710/823>.

VAN DER SCHYFF, P.F. 2003. *Wonderdaad! Die PUK tot 1951: wording, vestiging en selfstandigheid*. Potchefstroom: PU vir CHO.

VAN DER WATT, P.B. 1980. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1824-1905*. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel. 

Christelike wetenskap


Geneem uit: *Roeping en werklikheid, deur proff. De Klerk, Duvenage & Van Wyk; p.50 (Potchefstroom, 1973)*

Die Christelike wetenskap vind sy doelstelling ekstern-kosmies (buite die kosmos). Die Christelike wetenskap stel God as sy hoogste doel: *die religieuse diens van God, sy eer en verheerliking*. Dit verhoed alle internkosmiese doelverabsoluttering. Die Christelike wetenskap erken egter die waarheidsmomente van (o.m. – red.) die scientisme en humanisme: Die Christelike wetenskaplike wil ook *deelneem aan die waarheid* en hy verwonder hom oor die grootsheid, liefde, wysheid en mag van God soos geopenbaar deur die kenbare; verder erken hy ook dat die weten-

skap *in diens van die mens staan* (aan die individu maar ook aan huwelik, gesin, volk, staat, kerk en al die samelewingskringe; ook aan taal, kuns, ekonomie, reg, sedelike en godsdiens; aan tegniek, verkeer, opvoeding, genesing, ens.). Die Christelike wetenskap stel homself in diens van die hele kosmos, dus ook van stof, plant en dier, wat aan die mens deur God toevertrou is.

Samevattend: Die Christelike wetenskaplike beoefen die wetenskap ter wille van die verheerliking van God, ter wille van die deelname aan die waarheid en ter wille van die

diens daarvan aan die mens. En *aldrie* hierdie doelstellings word omvat deur *roeping*. Die geroepenheid tot wetenskapsvorming is 'n faset van die totale roeping van die mens.

God roep die mens om as sy dienende, toerekenbare en aan Hom verantwoordelike medewerker die wetenskap te gebruik tot die bevordering van God se doel met alle dinge, naamlik die vervulling van sy Raadsplan wat die verwesenliking van die bestemming van mens en kosmos insluit. 

Besinning oor die taak van die universiteit

V Correia, dosent te AROS

Die universiteit is tans in 'n identiteitskrisis gedompel. Streng gesproke kan ons nie meer van universiteite praat nie, omdat daar vandag kwalik sprake is van die eenheidsgees wat kenmerkend van die Middeleeuse universiteit was. Hiermee word daar nie gestel dat die Middeleeuse universiteitsidee in geheel as normatief beskou word nie, maar wel dat die eenheidsgedagte behoue kan bly. Eerder sou ons wil poog om vanuit die lig van die Woord opnuut te besin oor die taak van die universiteit. Eers as ons teties kan bepaal wat die taak van die universiteit behoort te wees, sal ons by nabaat kan verstaan hoe ver die hedendaagse universiteit daaraan beantwoord of nie.

Wat is dan die taak van die universiteit? Histories kan drie take uitgesonder word, naamlik onderrig, navorsing en gemeenskapsdiens.

Onderrig

Onderrig behels dat die waarheid van geslag tot geslag oorgedra moet word. Die Bybel leer ons van hoe God se Woord van geslag tot geslag oorgedra moes word, sonder om links of regs daarvan af te wyk. Onderrig het deur middel van 'n metode van inskerping plaasgevind, waarvolgens gesinshoofde hulle kinders moes onderrig uit Gods Woord deur voorlesing, hul voorbeeld en vrae. Daar is al baie geskryf oor die onderrig van Gods Woord in die gesinsopset, maar nog min oor die wyse waarop die waarheid op die tersiêre gebied oorgedra moet word.

Een van die min skrifgegewens wat ons hieroor kry is die skool van Tirannus waar Paulus vir 'n

tydperk van 2 jaar tydens sy derde sendingreis onderrig gegee het:

“Maar toe sommige van hulle verhard en ongehoorsaam was en voor die menigte aanhou kwaadsprek van die Weg, het hy van hulle weggegaan en die dissipels afsonderlik geneem en elke dag in die skool van 'n sekere Tirannus samesprekinge gehou. En dit het twee jaar lank geduur, sodat al die inwoners van Asië die woord van die Here Jesus Christus gehoor het, Jode sowel as Grieke.” (Hand. 19:9-10).

Dit blyk uit die woord ‘samesprekinge’ dat 'n redelike hoë vlak van onderrig hier plaasgevind het. Hierdie is waarskynlik een van die min voorbeelde van tersiêre onderrig wat ons in die Bybel kry. Die skool van Tirannus waarin Paulus klas gegee het, kon net sowel in ons terme 'n universiteit genoem gewees het.

Dat volwassenes onderrig moet word word vandag algemeen aanvaar. Waarvóór hulle toegegerus moet word is waar die paaie uiteen loop. Vanuit 'n Christelike perspektief behoort die mens toegegerus te word om sy roeping op aarde te vervul. Dit hou in dat universiteitsopleiding in die eerste plek karaktervormend moet wees en eers in die tweede plek gerig op beroepsarbeid in 'n veld van spesialisasie. Tans is universiteitsopleiding meer gerig op spesifieke beroepsopleiding en word die groot lewensvrae uit die universitêre kurrikulum gehou. Voorbeelde van die groot lewensvrae is: “Wie is ek? Is daar 'n God? Kan ek Hom ken? Wat is my doel op aarde? Is daar iets soos goed en kwaad? Waar kom die kwaad vandaan? Hoe moet ons sin maak uit die wêreld om ons?”



Waar ons nie op universiteit aan die groot lewensvrae aandag gee nie kan kwalik van karaktervorming op universiteit sprake wees. Karaktervorming vind plaas waar studente nie net vakinhoudelik toegerus word nie, maar as mense toegerus word vir die vele uitdagings van die lewe. Karakter kan in baie gevalle selfs meer beteken as spesialisvaardighede. 'n Werknemer wat bv. betroubaar, eerlik, hardwerkend is, is tog meer werd as iemand wat kundig is op hul gebied van spesialisasie, maar waar al dié dinge ontbreek.

Meer nog is dit belangrik om te weet waarvoor 'n mens jou spesialisvaardighede aanwend. Een voorbeeld uit die Tweede Wêreldoorlog sal die punt illustreer. Met die ontwikkeling van die kernbom was wetenskaplikes van die Universiteit van California by die projek betrek, sonder dat baie van hulle geweet het wat die doel was van die wetenskaplike eksperimente wat hulle gedoen het. Die projek was op so 'n wyse bestuur dat die wetenskaplikes op grondvlak nie geweet het dat hulle besig was om 'n kernbom te bou nie (Bellah & Tipton, 2006).

Vervolg op bl. 8

Vervolg van bl. 7

Elkeen het aan 'n gedeelte van die projek gewerk sonder om insig in die geheelprentjie te hê. Sou die wetenskaplikes met dieselfde ywer aan die projek meegewerk het as hulle geweet dat hulle besig was om 'n kernbom te bou?

Op 'n soortgelyke wyse werk baie spesialiste vandag vir maatskappye, sonder om die groter prentjie van die werk wat hulle doen te verstaan. Hiermee word nie gesê dat ons nie in 'n bepaalde rigting mag spesialiseer nie, maar dat ons dit wat ons doen in verband moet kan bring met die groter lewensvrae en die roeping wat God ons elkeen gegee het.

Navorsing

Navorsing behoort daarop gerig te wees om bestaande teorieë verder uit te bou. Om die beeld van Thomas Kuhn te gebruik is navorsing in die reël legkaartbou, waar die heersende paradigma die raam van die legkaart voorstel en navorsing die invulling van die onderskeie stukke van die legkaart voorstel. Navorsers moet dus poog om die oorblywende vraagstukke binne 'n bepaalde studieveld op te los.

Vanuit 'n Christelike perspektief beskou beteken dit dat elke navorsers deeglik rekening moet hou met die bevindinge in hul studieveld in die mate waaraan dit aan die waarheidseis voldoen. Wetenskaplike revolusies soos dié van Copernicus vind, soos Kuhn dit stel, baie selde plaas en die hedendaagse neiging van navorsers om ten alle koste vir nuwighede te soek moet afgewys word. Hiermee word nie gestel dat navorsing nie nuwe kennis kan oplewer nie, maar dat die nuwe kennis meermale op die skouers van die tradisionele kennis staan. Verder lei die oordrewe

klem op navorsing daartoe dat onderrig meermale afgeskeep word, omdat akademici in die reël meer omsien na hul eie belange as die van die studente.

Die wetenskaplike bedryf, as 'n mens dit so mag noem, is voordurend op soek na nuwe kennis om aan die sakewêreld te verkoop. Vandag word navorsing nie eers meer ter wille van navorsing beoefen nie, maar ter wille van persoonlike gewin. Die winsmotief staan voorop. Gevolglik word baie navorsers hierdeur mislei om net navorsing te doen oor dinge wat geld in die sak bring. Kennis word al hoe meer verkommersialiseer en navorsers staan onder toenemende druk om nuwe kennis te produseer. Universiteite word vandag al te gemaklik in besigheidsterme beskryf. Dosente is nou produsente en studente het kliënte geword.

Die Christelike filosoof H.G. Stoker het navorsing direk in verband gebring met die roeping van die mens. Hoewel die vrugbaarheidsnorm vir Stoker ook belangrik was, was die oorkoepelende norm vir hierdie Christenvorsers om navorsing tot eer en verheerliking van God te doen. Leuens kan immers ook vrugbaar wees en geld maak. Vrugbaarheid waarborg egter nie die waarheidsgehalte van iets nie.

Gemeenskap

Die universiteit is, volgens die Middeleeuse betekenis, 'n gemeenskap van dosente en studente. Daarom behoort ons nie vreemd te staan teenoor die plig van die universiteit om gemeenskapsdiens te verrig nie.

Verder word daar in die laaste tyd al hoe meer geskryf oor die gemeenskapsuniversiteit. Dit is 'n universiteit wat vanuit 'n bepaalde gemeenskap ontstaan en die waardes, taal en belange van


daardie gemeenskap bevorder ter wille van die voortbestaan van 'n bepaalde gemeenskap.

Teenoor die hedendaagse tendens van massafikasie van hoër onderwys behoort kleiner gemeenskapsuniversiteite ondersteun te word. Kleiner universiteite bied meer geleentheid om aan bepaalde gemeenskapsdiens te doen. Die diens wat aan die gemeenskap gelewer word moet ons nie verstaan in terme van liefdadigheidsprojekte wat gedoen word nie, maar in die toerusting van die toekomstige leiers van die samelewing.

Die huidige universiteitsopstande moet ons indringend laat nadink oor die band tussen die onderskeie gemeenskappe in Suid-Afrika en die universiteit. Die massafikasie van die universiteit en die poging om neutraal te wees het daartoe gelei dat die universiteit vandag uit voeling is met die behoefte van verskeie gemeenskappe. Universiteite het gepoog om almal tevrede te stel en het op die ou end niemand tevrede gestel nie. Hoewel ons die studenteopstande moet afkeur moet ons hierin raaksien dat elke gemeenskap die behoefte het aan 'n universiteit wat aan die betrokke gemeenskap se behoeftes voorsien.

Is dit vandag nie juis so dat die demografiese verandering op die universitêre terrein bygedra het tot 'n gevoel van vervreemding op verskeie kampusse nie? Dit blyk dat die tyd wat die universiteit probeer om alle gemeenskappe gelyklik te dien verby is en dat gemeenskapsuniversiteite hier is om te bly.

Bron

BELLAH, R.N. & TIPTON, S.M. 2006. *The Robert Bellah Reader*. Duke University Press. 

VCHO-doelstrewes & 21ste eeuse onderwys/wetenskap

Hugo Hayes

Terugskouend

Na afloop van die tans nét meer as 65 jaar sedert stigting, is dit dalk gepas om 'n terugskou te neem op waar VCHO vandaan kom en wat hy vir hom tot lewensdoel gestel het. Uiteraard ook tot welke mate hierdie doelstrewes die praktiese uitvoering oor hierdie tydperk heen bepaal, gerig en gestuur het, en met watter gevolge. Voortspruitend is dit ook belangrik om vas te stel of die doelstelling waarop destyds besluit is, relevansie vir die 21ste eeu behou het.

Derhalwe wil vasgestel word watter betekenis VCHO se roeping en taak nog vir die 21ste eeu mag hê, op grond van hierdie net meer as 65 jaar se uitvoering, asook nuwe uitdagings wat die toekoms inhou. Die ondersoek is dus lewensbeskoulik-evaluerend van aard na die praktyk, i.t.v. die verklaarde doel, grondslag en missie daarvan. Dit is afgestem op ontwikkeling in die onderwys/wetenskap, oor hierdie tydperk heen.

Leitmotief

By nagaan van die ontstaansgeskiedenis van die Vereniging, word dit duidelik dat Christelike tersiêre onderwys uit die staanspoor die sterk oorweging is. Die primêre doelstelling, met die oog op organisasievorming is destyds (1950) só geformuleer: "... die daarstelling van 'n inrigting waarheen ons met gerustheid ons seuns en dogters kan stuur, waar hulle opgelei kan word in die diens van die volk en in die diens van die Here" (VCHO s.a).

ⁱ Doel/Grondslag/Missie soos op die 2de bl. linkerkantste kolom.

Religieus & lewensbeskoulik

Religieus en lewensbeskoulik staan VCHO ingebed in 20ste eeuse geskiedkundige gebeure, binnelands, sowel as buitelands. Dit staan midde-in die kerklik-godsdienstige, kultuur-historiese en politieke-maatskaplike wordingsperiode van ná die Tweede Wêreldoorlog. Daarna word dikwels as die ideologiese milieu waarbinne VCHO tot stand gekom het, verwys. Skerp moet dan onderskei word tussen vreemde lewensmotiewe enersyds, en die Calvinisme waarvoor die VCHO berekend gekies het, andersyds.

In die 50-jarige VCHO-gedenkboek word die ideologiese milieu van daardie tyd o.m. soos volg beskryf:

"Die VCHO het ontstaan in 'n stadium na die Tweede Wêreldoorlog waarin die smeltkroes van die proses van geestelike herskikking aan die gang was. Waar Nederland, wat tussen die twee wêreldoorloë die beeld van 'n eg gereformeerde samelewing vertoon het, skielik 'n versnelde proses van geestelike ontworteling en sekularisasie beleef het, sou ook Suid-Afrika die aanslag van die na-oorlogse smeltkroes nie vryspring nie" (Strauss DFM, in VCHO s.a).

Die onderhawige tydperk kan ook gekenskets word as een waarin 'n nuwe bewustheid van identiteit onder die Afrikaner, maar so ook ander groeperinge in SA, posgevat het. Dit was nie slegs in politieke sin nie, maar veral ook in kerklik-godsdienstige en kulturele sin. Veral lg. twee identiteite word as bepalend vir VCHO se totstandkoming en aanduidend van sy ontwikkelingsgang beskou.

Dit word met stelligheid verklaar dat die totstandkoming van VCHO 'n geloofsdaad was. Dit was nogtans nie vanuit 'n kerkistiese uitgangspunt nie, maar wel die Calvinistiese, as dié belangrike onderskeid. VCHO het trouens ook nie as 'n oorspronklik kerklike organisasie bly ontwikkel nie, maar wel oor tyd heen as 'n vrye vereniging in eie reg, onafhanklik, maar gebonde aan die Woord van God. Die Calvinistiese grondmotief het gevolglik die verloop van VCHO se geskiedenis, die voortgang daarvan, deurslaggewend bepaal.

Alle lewenssterreine ondergeskik

Op Calvinistiese uitgangspunt af, het dit VCHO só geposisioneer dat die appèl dat alle lewenssterreine onder die gesag van God-drieëinig en sy Woord gebring word, sonder skroom uitgedra word. Dit geld insonderheid die onderwys en die wetenskap in al sy geledinge. Dat die wetenskap 'n selfstandige gesag gelyk aan die absolute gesag van die Skrifopenbaring sou kon verwerf, is en word deurgaans afgewys. Na beskeie waarneming het hierdie 20ste eeuse postulaat (kennis-otonomie) daartoe meegewerk dat afvallige (nie-christelike) grondmotiewe in die onderwys/wetenskap 'n staanplek in openbare skole en aan openbare universiteite verkry het, waarvan o.m. die evolusionisme, humanisme en liberalisme. Die Skrifgesag, as vertrekpunt vir religieuse en lewensbeskoulike begroning en beoordeling onderskeidelik, van die egtheid en waarheid van wetenskaplike ken-

Vervolg op bl. 10

Vervolg van bl. 9

nis, is en word daardeur stelselmatig ondergeploeg. Aan openbare skole en universiteite word gevolglik die wegkalwing van die Christelike lewensbeskouing toenemend erbaar, met onafwendbare gevolge. Teen die agtergrond van hierdie verwickelinge in die onderwys sien VCHO dit steeds as onaflegbare lewenstaak dat hierdie werk (bevordering van Christelike onderwys) noodsaaklik en onverwyld voortgaan.

Einde 20ste eeu/begin 21ste eeu omwentelinge

Uitwerking van grondverskuiwende verandering

Met die eeuwending het VCHO die grootskaalse impasse van lewensbeskoulike koersaanpassing op die terrein van georganiseerde kultuur en die universiteitswese verreken. Tereg sou gevra kon word na die (21ste eeuse) relevansie van VCHO se doel en missie, inagnemende die heersende transformasie-politiek weg van Christelik na sekulêr. 'n Mens sou kon verklaar: die huidige kulturele opset en die universiteitswese van SA is uiters divers, maar ook kompleks. Sou daar vir die Christelike lewensbeskouing nog enigsins 'n staanplek wees? Dit kan sekerlik nie ontken/misgekyk word nie dat uiters verontrustende tendense, sover dit die onderwys en wetenskap betref, afgelope dekades waargeneem word.

Wat nou van ons Christelik-gereformeerde belydenis?

Sedertdien het in akademiese sin (na beskeie oordeel) veelal grondverskuiwende lewensbeskoulike denkveranderinge ingetree. Volgens (beskeie) waarneming sou sommige daarvan as paradigma-verskuiwend bestempel kon word, andersins sou dit moeilik verklaar kon word. Vanuit VCHO-perspektief gesien, bly dit imperatief dat

Christelike onderwys en wetenskap aan jongmense van Christelike herkoms/stand gebied moet word. Die vroeër-gestelde vraag behoort gevolglik nie te wees óf daar nog 'n staanplek is nie, maar: watter Skrifmatige beginsels behoort te geld vir gemeenskappe wat die Christelik-gereformeerde belydenis handhaaf? Wat VCHO betref, is hierop slegs één antwoord, naamlik Christelik-normatiewe onderwys/wetenskap, 'n boodskap wat steeds ten alle koste uitgedra moet word.

Voortgesette kontak & skakeling

In 2000 was VCHO bevoorreg om die 50-jarige Jubileumkongres te kon vier, met deelname ook vanuit Stellenbosch. VCHO het die 16 jaar hieropvolgend onverpoosd voortgegaan met informele skakeling met akademies en instellings op die Christelik-reformatoriese lewensbeginsel gegrondves, met wie daar tans 'n goeie basis van samewerking bestaan. Hierdie instellings en akademies, hoofsaaklik in die privaatbedeling, is oorwegend in Pretoria gesetel. Daar word, kragtens beleid, op projekgerigte basis saamgewerk, met behoud van selfstandigheid. In die onlangse verlede is daar binne die Forum vir Christelike onderwys geleenthede geïdentifiseer vir die bevordering van Christelike onderwys en wetenskap. Danksy hierdie goeie basis van samewerking kon daar, bv., begin Maart hierdie jaar 'n belangwekkende konferensie oor Christelike onderwys in Pretoria gehou word, waaraan 'n sewetal instansies deelgehad het. Die tema was: "Onderwys en opleiding in Suid-Afrika by die keerpunt: Ondersoek na haalbare praktiese alternatiewe deur die Christelike benadering voorgestel".

HG Stoker-navorsing

Dit dien ook hier vermeld te word dat die VCHO hom met die aanbreek van die 21ste eeu tot die HG Stoker-projek verbind het. Navorsing oor die lewe en werk van prof HG Stoker, in lewe filosoof van Potchefstroom, is een van die prioriteite op die VCHO se akademiese program. Akademici is waarskynlik bewus van die publikasie in elektroniese formaat oor die gepubliseerde en ongepubliseerde werk van prof Stoker. Die werk gaan steeds voort en ons bedank nogeens die Noordwes-Universiteit vir befondsing uit die Stoker-nalatenskap. Die navorsing word gedoen vanuit die oortuiging dat die ontsluiting van hierdie werk 'n belangrike loodsprojek vir verdere uitbouing van die Christelik-reformatoriese erfenis daarstel, soos vanuit die Filosofie van die Skeppingsidee van prof HG Stoker. Prof Stoker is immers die Afrikaanse denker-filosof in die Christelik-reformatoriese tradisie wat 'n oorspronklike filosofie aan SA nagelaat het, waarop voortgewerk kan en wil word.

Fokus op VCHO-tydskrifte

Inmiddels word VCHO-tydskrifte aangewend om die boodskap en betekenis van Christelike onderwys/wetenskap uit te dra. Die geakkrediteerde filosofies-wetenskaplike *Tydskrif vir Christelike wetenskap* bestaan sedert 1965 en het sedertdien ononderbroke verskyn. Dit is sedert 2014 ook elektronies beskikbaar, met 'n eie webblad (cs-journal.co.za). Buitengewone uitgawes oor besondere temas word van tyd tot tyd gepubliseer. Die populêre *Roeping & Riglyne* is vir VCHO-lede bestem en beleef reeds hierdie jaar sy 64ste jaargang. Beide hierdie publikasies dra die Christelik-lewensbeskoulike perspektief t.o.v. onderwys/

Vervolg op bl. 11

wetenskap en lewenspraktyk onderskeidelik.

Gevolgtrekking

Gesien die eind 20ste/begin 21ste eeuse omwenteling wat onderwys en wetenskap in Suid-Afrika ondergaan het en steeds ondergaan, kan daar geen twyfel bestaan nie, dat die VCHO-doelstrewes steeds aktueel en relevant is. 'n Mens sou kon beklemtoon: nou nog meer as ooit tevore. Die stigters van die VCHO het besliste versienheid aan die dag gelê, toe hulle die oorspronklike doelstelling geformuleer het. Die afgelope halfeeu en langer se verloop van gebeure in die onderwys en wetenskap dien as die onweerlegbare bewys daarvan, óók t.o.v. die 21ste eeu. 2016, met sy studenteopstande, was geen uitsondering nie, en trouens 'n verhewiging van die toestand.


Slotbeskouing

VCHO was deurentyd daarop ingestel om aan sy doelstrewes en missie getrou te bly. Dit het VCHO tot voordeel gestrek dat hy tot hiertoe as 'n vrye, selfstandige vereniging kon bly funksioneer. Einde van die afgelope eeu het sommige kultuurorganisasies en selfs kerkgenootskappe gedronge gevoel tot herformulering van hulle oorspronklike doelstellings en missies, ter wille van 'n nuwe taakstelling in 'n nuwe staatkundige bedeling. VCHO het dit egter nie nodig gevind om verandering te implementeer nie, maar het by sy oorspronklike grondslag gebly. Die lewenskrag van die Christelike grondmotief (skepping/sondeval/verlossing) geld nie vir 'n tydperk nie, maar vir alle tye en omstandighede. Oorgange in staatkundige of welke ander sin ookal, kan en sal kom en gaan, maar die Christelike grondmotief deurstaan dit alles. Daarom kon VCHO tydens

die oorgang gewoon met sy opdrag en roeping voortgaan.

Dit is en bly VCHO se vaste oortuiging dat die Christelike lewensbeskouing in die 21ste eeu op alle terreine van ons samelewing uitgebou moet word. In besonder is dit die onontkombare roeping en verantwoordelikheid van skole en tersiêre instellings om d.m.v. vakinhoud en -onderrig hieraan konkrete beslag te gee. 'n Openheid na instansies wat oor Christelike onderwys gesprek wil voer, word in die omstandighede gehandhaaf. Derhalwe wil VCHO hiermee sy besondere staanplek (Woordgebonde indiensbaarheid) dankbaar herbevestig.

Bron geraadpleeg

VCHO. S.a. *Jubileum-gedenkblad van die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys. 50 goue jare, 1950 tot 2000*. Bloemfontein: VCHO. 

Karakter van 'n universiteit

Geneem uit: *Die wese van die universiteit: 'n histories-strukturele perspektief*, deur prof. LOK Lategan, p.15 (VCHO-publikasie, 1989)

'n Universiteit se karakter word bepaal deur die wyse waarop die wetenskap beoefen word. Twee vereistes is hier op die spel. Enersyds gaan dit om die aard van die wetenskapsbeoefening en andersyds om die persoonlike geloof en karakter van die personeel. Tesame gesien gaan dit ten diepste om die beheersende grondmotief wat beslag lê op die doen en late van die universiteitspersoneel. Vir die wetenskapsbeoefening aan die universiteit is dit dus deurslaggewend om te vra watter religieuse grondmotief beheers die wetenskaplike denke wat daar plaasvind (Venter, 1970:143-144). 'n Universiteit

besit 'n Christelike karakter wanneer die wetenskap vanuit 'n Christus-herbore hart beoefen word! 'n Christus-herbore hart word beheers deur die Bybelse grondmotief. Die sentrale Bybelse grondmotief van skepping, sondeval en verlossing bevry die mens in beginsel (m.a.w. nie konkreet) van die dialektiek inherent aan die drie ánder religieuse grondmotiewe wat in die Westerse beskawings- en denkgesiedenis werksaam was en nog steeds is, te wete die Grieks-heidense grondmotief van vorm en materie, die Middeleeus-Roomse grondmotief van natuur en genade en die Modern-

Humanistiese grondmotief van natuur en vryheid. Die herborenheid in Christus dien as fondament van Christelike wetenskap. Laasgenoemde mag egter nie met die teologie as wetenskap verwar word nie. Dit is nie net teoloë wat die Christelike wetenskap beoefen nie en nie nêr teoloë beoefen die Christelike wetenskap nie. Die keersy is ook waar: Nie alle teoloë beoefen die Christelike wetenskap nie en nie alle teoloë beoefen nié die Christelike wetenskap nie.

Bron vermeld:

VENTER, E.A. 1970. *Wysgerige temas*. Bloemfontein; Sacum. 

Die humanistiese gevaar

Prof. E.A. Venter

Geneem uit: *Bou*, Kwartaalblad van die Christelike Volksbond, Desember 1955

Die wysgerige humanisme wat sedert die agtiende eeu toonaangewend is in ons Westerse wêreld, het in die loop van die tyd in talryke verskillende vorme na vore getree. Soms was dit uitgesproke ateïsties, en dan weer het dit oënskynlik groot ooreenkoms vertoon met die gangbare christelike leerstellinge. Die opervlaklike leser van A.E. Loen se geskryfte sal by voorbeeld baie maklik tot die gevolgtrekking kom dat hy hier met 'n suiwer christelike denker te doen het, terwyl hy aan die anderkant nooit sal twyfel oor die wesenlik anti-christelike strekking van Jean-Paul Sartre se werke nie. En tog aarsel ons nie om beide Loen en Sartre onder die hedendaagse humaniste te skaar nie. Want nieteenstaande alle onderlinge verskille, word albei denkers ten slotte beheers deur die religieuse grondmotief van die moderne humanisme.

Daarom is dit nou ons taak om hierdie religieuse grondmotief 'n bietjie noukeuriger te ondersoek. En dit sal vir ons doel miskien die maklikste wees as ons die tipies humanistiese dogmas (leerstukke) probeer onderskei wat voortvloei uit sy grondmotief. Want die humanisme is 'n religie (net soos Christendom 'n religie is), en berus op 'n reeks dogmas of vooronderstellings wat in die geloof en sonder bewyse aanvaar moet word. Wat is hierdie dogmas?

Selfgenoegsaamheid van die rede

Die eerste dogma wat deur alle humaniste, nieteenstaande onderlinge verskille, gelowig aange- neem word, is die selfgenoeg-

saamheid van die rede (verstand). Die blote gedagte dat daar iets of iemand kan wees wat bó die menslike rede staan, skryf prof. Von Hartman, is alreeds verraad teenoor die mensdom. Die verstand wat nie belemmer word deur invloede van buite nie (bv. die Bybelgeloof), is in staat om die ganse werklikheid te beheers en die mens waarlik vry te maak. Die humanis glo onvoorwaardelik in die onbepaalde mag van die mens se verstand. Daarom, so sê prof. O.L. Reiser, "is ons so hartstogtelik gekant teen die geloof in 'n Goddelike openbaring of in enige ander kennisbron wat nie uit die rede self ontspring het nie".

Nou sal humaniste wat ook belydende Christene is, dit wel nie so sterk wil stel nie. Hulle sal sê dat hulle inderdaad glo in die Goddelike openbaring in die Bybel. En dit mag ook waar wees. Maar dit bring ons by die tweede dogma van die humanisme.

Skeiding religie en denke

Die humanisme glo dat daar geen verband bestaan tussen religie en denke of tussen geloof en wetenskap nie. Die wetenskap is neutraal. Hier speel geloofs- onderstellinge geen rol nie; is die rede dan nie selfgenoegsaam nie? Daarom kon Jacobi ronduit verklaar dat hy 'n Christen is met sy hart maar 'n heiden met sy verstand. Die rede is die middelpunt, die kern van die menslike bestaan (en daarom word beskawing vereenselwig met geleerdheid); die religie, daarenteen, het maar te doen met 'n klein afdeling of vertakking van die lewe. Daar word ruimte gelaat vir die godsdiens (in die kerk, in die binnekamer, in liefdadigheids-

diens), maar dit is dinge wat niks te doen het met wetenskap nie. Alle mense (Christene en nie-Christene) dink volgens dieselfde beginsels van die logika; die denke is eie-wetlik. So leer die humanisme.

Maar, sal iemand miskien vra, is dit alles in die praktyk dan werklik so belangrik? Aan hierdie vraag moet ons nou aandag gee.

Vervalsing van die werklikheid

Die moderne humanisme, soos ons gesien het, het ontstaan in die tyd toe die natuurwetenskappe verrassende vooruitgang begin maak het. Dit is toegekrywe aan die mag van die mens se soewereine verstand wat alle uitwendige gesagsbindinge afgewerp het. En nou het die geloof ontstaan dat die wetenskap ook op alle ander gebiede ewe groot suksesse sou kon behaal, indien die natuurwetenskaplike metode op alle terreine van ondersoek aangewend word. Die ganse werklikheid moet verklaar word as 'n aaneengeskakelde ketting van oorsaak en gevolg. Die wette wat op natuurwetenskaplike gebied geld, moet net so oorgedra en toegepas word op die mens en sy samelewing.

Afgode

'n Tweede uitvloeisel van hierdie metode is dat denkers hulle daarop begin toelê het om één gemeenskaplike noemer te vind waarna die hele werklikheid in al sy vorme herlei kon word. Hieruit ontstaan dan wat ons die "ismes"

Vervolg op bl. 13

Vervolg van bl. 12

noem. Een aspek of kant van die werklikheid word verabsoluteer (vergoddelik), en alle ander sye van die werklikheid word opgevat as openbaringsvorme van hierdie één verabsoluteerde aspek. So leer die materialism, byvoorbeeld, dat alles (ook historiese, ekonomiese, etiese, godsdienstige verskynsels, ens.) ten slotte na materie (stof) herlei moet word en volgens die wette van die materie verklaar moet word. Die historisme verklaar alles weer volgens die norme van die geskiedenis; alles is geskiedenis. Die psigologisme wil die hele werklikheid weer psigologies (sielkundig) verklaar. So sou ons kon aanhou, maar genoeg. Op sy beurt is elke aspek van die werklikheid deur die humanisme vergoddelik, en elke keer is daar 'n nuwe -isme gebore. Die humanisme wat nie rekening wil hou met die ware God van die Bybel nie, is verplig om vir homself keer op keer nuwe afgode te skep.

Miskenning van verskeidenhede


Uit voorgaande vloei nou voort dat die humanisme geen oog kan

hê vir die wesenlike verskeidenhede in die geskape wêreld nie. Die natuurwetenskaplike metode (wat alles wil herlei na stoffeeltjies-in-beweging) kan nie reg laat geskied aan die eiesoortigheid van bv. mense, diere, plante en dinge onderskeidelik nie. Dáár pas die evolusieleer so mooi in by die humanistiese gedagtegang. Net so min kan die humanisme rekening hou met wesenlike onderskeidings tussen man en vrou, tussen christelike en nie-christelike beskawingsvorme, tussen verskillende rasse, godsdienste, ens. Die hele werklikheid, so het Kuyper reeds geskrywe, moet onder die ban van eenvormigheid gebring word deur die humansime.

Die mens is die maatstaf

Op die gebied van die sedelikheid (om ons nou maar by één aspek te beperk) het die humanisme weergalose verwoesting aangerig. Die mens is die maatstaf van alle dinge; die mens self en die mens alleen beslis oor wat reg en verkeerd is. Hoogstens sal sommige vorme van humanisme toegee dat die sogenaamde 'gemeenskap' (d.w.s. 'n kleiner of


groter groep enkelinge) die beginsels vir die sedelike lewe bepaal. Nooit sal die humanisme egter die bestaan van vaste en blywende sedelike norme erken wat deur God neergelê is nie. Lees maar die honderde boeke oor die sedekunde wat humaniste geskryf het en nog skrywe. Elkeen soek naarstiglik na die maatstaf vir die sedelike goeie handeling, maar altyd enkel en alleen in ooreenstemming met sy eie vooroordele. Die gedagte om te vra na die wil van God in hierdie saak, kom nooit eens op in die hart van die humanis nie.

En aan die universiteite moet die kinders van Christenouers worstel met hierdie duisternis teorieë oor sedelikheid – teorieë wat alleen maar ontstaan het omdat die sondige mens weier om aan God sy eer te gee. So gaan dit trouens oor die hele linie heen. Voordat 'n christelike wetenskaplike met positiewe onderrig kan begin, moet hy eers afreken met die vrug van drie eeue humanistiese versinsels. Want die humanisme is en bly die vyand No. 1 van alle egte wetenskaplikheid. 

Met leedwese

Einde September 2016 het ons ook die tyding van die oorlye van mev. Arina Stoker op 25 September verneem. Sy was die eggenote van prof. Pieter Stoker, hoofbestuurslid van ons Vereniging en woonagtig te Potchefstroom. Ons ken prof. Pieter en

tannie Arina al sedert 2000 en het gedurende hierdie tyd 'n kosbare vriendskapsband met hulle opgebou. Tannie Arina het ook deurentyd 'n belangstelling in die VCHO se werksaamhede getoon en word daarvoor onthou dat sy gereeld kongresse saam met prof.


Pieter bygewoon het. Dit was vir ons by VCHO 'n besondere voorreg om haar te kon ken. Ons besef dat haar heengaan vir die Stoker-familie 'n groot verlies laat. Ons betuig hiermee ons innige leedwese met prof Pieter en die Stoker-familie, en bid hulle die liefde en vertroosting van die Gees van God toe. 

Vervolg van bl. 3

leef tans nog sterker in die heersende tydsgewrig dat die VCHO se oorspronklike roeping en taak toenemend belangrik word. Meer as tevore is dit ons oortuiging dat die Calvinisme as lewensbeskouing uitgedra moet word in

nuwe omstandighede, in antwoord op die geestelike en kulturele noodtoestand wat daar tans in die samelewing heers. Dit wil ons in 2017 met oorgawe doen.

In hierdie uitgawe word ondermeer gefokus op die onontbeerlike belang van die verhouding tussen die

kerk en die universiteit, besinning oor die taak van die universiteit, die VCHO se doelstrewes en 20ste/21ste eeuse onderwys en die humanistiese gevaar; lg. as bevestiging van toenmalige en hedendaagse problematiek van opvoedkundige aard. 

Die kruis-evangelie in gedrang: óf Jesus onnodig gesterf óf die Kruis is ons lewensaar

Hierdie artikel is die laaste deel in 'n reeks deur emeritus-professor Fanie Riekert geskryf

III Nederig dankbaar dat alles van God-Drieëinig afhang – die bedreiging te bowe gekom

Een ding staan absoluut vas vir die Christen. Daar is net een God, ja, die Enigste God, is God Drieëinig. Ons sonde moet vir Hom uitermate aaklig en verskriklik wees. Dit sien ons veral in die Kruis. Want wat Christus uiteindelik daar laat hang het, was nie die hebsug van Judas, of die naywer en afguns van die priesters of die weifelende lafhartigheid van Pilatus nie, maar ons eie hebsug, naywer, lafhartigheid en ander sondes. So ernstig was dit. Tog het Christus in liefde en genade die voorneme gehad om die oordeel daaroor te dra en so daarvan ontslae te raak. Slegs die verdienste van Jesus aan die Kruis en sy opstanding kon bewerk dat ons vry uitgaan. Regverdigmaking word bewerk slegs deur die genade van God, deur die bloed en soenverdienste van die Here Jesus Christus. Dit word geskenk sonder enige menslike verdienste. Genade vind ons as bedelaars, maar laat ons as mense wat in die skuld is. Dit is alleen deur die geloof dat ons hierdie onverdiende verlossing kan omhels en dit ontlok gepaste toewyding. As gawe van God word elke roem uitgesluit.

Dit is vir ons onmoontlik om in opregtheid teenoor die Kruis van Christus te staan en ons nie vir onself te skaam nie. Dit is net as ons dit sien, ontdaan van ons eie geregtigheid en selfvoldaanheid, dat ons bereid is om ons vertrouwe te stel op Jesus Christus as die Verlosser wat ons so dringend nodig het.

Ongevoeligheid, selfsug en selfvoldaanheid bloei oral ter wêreld behalwe by die Kruis. Daar verskrimpel en sterf hierdie skadelike onkruid. Hulle word gesien as die slordige, giftige dinge wat hulle is.

Die Kruis van Christus vertel 'n paar lelike dinge van onself en dat ons sondaars is onder die regverdige vloek van God se wet en dat ons onself nie kan red nie. Christus het ons sonde gedra én ons vloek, juis omdat ons nie self ons verlossing kan bewerk nie.

Trots vernietig die ware geloof. Hoe groter die trots, hoe kleiner die toegewydheid. Daarom moet ons altyd onthou dat Hervorming en Herlewing/Geesvervulde lewe saam loop en nie geskei kan word nie. Wat is werklik belangrik en in die kern: Die Evangelie is fundamenteel wat God vir ons gedoen het. Dit is gevaarlik om dit te maak wat ons vir God gedoen het.

Beide ons redding uit hierdie (huidige) Bose bedeling en die wyse waarop dit geskied was volgens God se wil. Aan die Kruis het die wil van die Vader en die Seun in volkome harmonie saamgejuig.

Die Evangelie is 'n redding, 'n vrymaking van 'n staat van gebondenheid. Die Christendom is 'n reddingsgodsdienst. Christus sterf om ons te red – soos uit slawerny uit gevangenskap en van 'n vyandige skare.

Die Bybel verdeel geskiedenis in twee aione: hierdie wêreld en die wêreld wat kom en terselfdertyd alreeds gekom het, omdat Christus dit laat kom het, alhoewel hierdie wêreld nog nie finaal verbygegaan het nie. So



speel die twee wêreldes tegeelykertyd af en oorvleuel. Christelike bekering beteken om gered te wees van die huidige bedeling, met die oog op die wêreld wat kom. Die Christelike lewe is om die toekomstige lewe in die lewe van nou te leef. Die doel van Christus se dood was daarvoor nie alleen om vergifnis te bring nie, maar as vergifnis daar is, dat ons 'n lewe sal voer – 'n nuwe lewe, die lewe van die tyd wat kom. Christus gee Homself vir ons sonde om ons vry te maak van hierdie lewe in die bedeling onder die heerskappy van die Bose.

IV APPÈL: Uitgedaag om reguit volgens die Evangelie van die Kruis te wandel

Luther sê dat die regte geloof is dat ek my vertrouwe in Hom stel, dat ek weet ek kan met Hom te doen hê, in 'n verhouding tot Hom kan staan en sonder enige twyfel glo dat Hy vir my sal doen en wees soos Hy gesê het (in die Bybel) of daar oor Hom gesê is. Dis net maar so 'n geloof wat homself in lewe en in sterwe op

Vervolg op bl. 15

God werp, en so van 'n mens 'n Christen maak. Kortom, geloof beteken om Jesus te vertrou en dis al, so hartverskeurend eenvoudig. Regverdiging, vryspraak beteken dat ons sondaars, hier en nou enkel en alleen deur daardie geloof in die regte verhouding tot God gestel word. Dit is die mees verbasende waarheid onder die hemel. Dis paradoksaal, irrasioneel en skynbaar nie-moreel dat God die sondaar sou liefhê en die goddelose sou vryspreek. Dis heeltemal strydig met die rede en belaglik in die oë van die wysheid van hierdie wêreld. Tog verklaar die Evangelie dat dit waar is. Dit weier om aan die goddelose die genade teen 'n tarief beskikbaar te maak. Dit is 'n aanbieding van die Here en dit is wonderbaarlik.

Ek kan glad nie begryp of verstaan nie, of deur redenasies ten volle verseker word, dat God my in guns aangeneem het om Christus ontwil. Dit hoor ek in die Evangelie en ek aanvaar dit deur geloof.

Waarheid is daar om geloof self wat op die regte manier oor God dink, te ondersteun, naamlik dat God nie óns werke en óns geregtigheid raaksien, omdat ons rein sou wees nie. Hy is egter genadig en sal na ons omsien, ons aanvaar, ons red en ons regverdig as ons glo in sy Seun wat Hy gestuur het om 'n offer vir die sondes van die wêreld te wees (1 Joh 2:2). Dit is nou 'n regte opvatting van God en werklik waar niks anders as geloof self nie.

Die vraag is hoe die geloof wat deur die liefde werk, gesien sal word. Dit is baie maklik om te sê: "Ek het God lief." As Hyself teenwoordig sou wees in persoon, sou ons gou sien wie Hom liefhet en wie alles vir Hom sou waag. Hy is nie meer so (in Persoon) onder ons teenwoordig

nie, daarom is dit nie nodig om baie tafels vir Hom, waar Hy in persoon gaan aansit, te dek nie. Daarom moet ons Hom in Gees en Waarheid ons liefde toon EN in ons naaste, ja, in gewone mense en daar ons diens lewer.

Ons brei uit:

1. Ons wandel reguit volgens die Evangelie as ons glo en die Evangelie bewaar. Handhaaf so die waarheid van die Evangelie. Onthou dat die Hervorming gekoppel bly aan ons geestelike lewe. Ons kan dit nie skei nie. Andersins bou ons ons geloof op mense en hulle vermoë om te organiseer. Paulus kon sag wees met die swakke broeder, maar wanneer dit by beginsels kom, dan staan hy vas en gee nie in nie.

Martin Luther het gesê: Ons kan alles prysgee, maar nie die Evangelie, ons geloof, nie Jesus Christus nie. Nederigheid en insiklikheid is hier nie gepas nie. Dan moet ons harder as diamante wees. Staan dan téén alles wat die Evangelie ontken.

Dit kom persoonlik tot ons: Glo in die Here Jesus Christus as jou persoonlike Verlosser en Here (Joh 1:12; 5:24). Onthou 'n ander se geloof kan jou nie red nie, al kan jy deur 'n ander se geloof daartoe gelei wees om te glo.


2. Ons wandel reguit volgens die Evangelie as ons dit as 'n gemeenskaplike geloof doen. Die beste manier om die Kerk te dien is om te glo en die Evangelie te verkondig. Die enigste manier om 'n goeie kerkmens te wees, is om 'n mens van die Evangelie te wees. Dit kan ons doen as ons die oop Bybel as die hoogste rigsnoer van alle godsdienstige aangeleenthede en byeenkomste koester, jou versterk deur dit gereeld te lees en jou diep en vaste geloof toon. Die Hervormingsgemeenskapslewe moet gegrond wees op die

waarhede van God in Jesus Christus geopenbaar en die mag van die Heilige Gees. Dan sal ons nie allereers begaan wees oor die grootte en omvang van die Kerk nie, maar eerder oor die suiwerheid van die Kerk in leerstelling en lewe! Dan sal ons inval met groot eerbetoning van die hele Bybel aan God Drieënig en uitroep: Eer aan God!! So sal jy dit bevestig deur jou afwysing van elke vorm van kwaad – te alle tye op alle plekke.

3. Ons wandel reguit volgens die Evangelie as ons God bo alles liefhet deur jou liefde vir God met jou hele hart en al jou kragte, deur jou voortdurende gebed, lof en danksegging en gehoorsaamheid aan sy geboorte te toon. Dit is gevaarlik om na die Woord te luister, selfs daardeur gestig te word en tog nie die Woord te gehoorsaam en daarvolgens gedoen het nie.

4. Ons wandel reguit volgens die Evangelie as ons rekenskap aan God gee oor al jou besittings, tyd, talente en eiendom; dan sal jy 'n betroubare mens en trustee van God wees (1 Pet 4:8-10) wat ook uit jou inkomste toon dat jy 'n aktiewe en getroue lidmaat van jou gemeente is (2 Kor 9:6, 7).

5. Ons wandel reguit volgens die Evangelie as ons ons liefde vir die naaste toon as gehoorsaamheid aan God se gebod deur vergewensgesindheid teenoor mense wat ons te na kom en, om meer soos Christus te wees: opreg, regverdig, eerlik en betroubaar in ons verhoudinge in huis en gemeenskap.

6. Ons wandel reguit volgens die Evangelie as ons lewe altyd meer soos Christus sal wees: nederig en laat die eer vir sy talente en prestasies Hom toekom, in opregte waardering vir wat Hy aan die Kruis gedoen het. 

Praktykmaking van privaatonderwys en -opleiding

Mev. Lucia van Wyk

Hierdie is die 1ste deel van die referaat wat tydens die VCHO se Onderwyskongres van 2016 te Pretoria gelewer is. Die 2de deel sal in 'n volgende uitgawe gepubliseer word, waarin 'n praktiese uitweg uit die heersende problematiek aangebied word.

'n Aanhaling van Albert Einstein: Onderwys is nie net die leer van feite nie.

Ek sê baiekeer: Ons is nie 'n worsmasjien wat net kennis in die kinders se koppe prop, d.w.s. hulle volstop met kennis nie. Dis 'n baie groter saak waarmee ons handel in die onderwys. Dis om 'n kind te help ontwikkel en te lei om dan self te kan dink. Die hedendaagse krisis in die onderwys is veral op die vlak van standarde, kredietwaardigheid en erkenning, godsdiens, differensiasie, maar ook inmenging.

Hoëstandaard Afrikaanse skole

Die krisis in die onderwys het veral die Beweging vir Christelik-volkseie Onderwys (BCVO) baie intens beleef. Ek dink méér as baie van die ander privaatorganisasies. Ons was meer in die hof teen die staat as baie van die ander organisasies in die onderwys. En soms gebeur dit dat 'n mens 'n veldslag moet verloor of selfs verskeie moet verloor, om die oorlog te kan wen. Met BCVO was dit in vele gevalle so. Belangrik om te besef is dat, as daar nie Afrikaanse hoëstandaard skole is nie, waarvoor stry die universiteite? Waarom sal hulle stry om Afrikaans as onderrigtaal te behou? Hier wil ek

baie duidelik sê, dis nie gerig teen openbare- en selfs later moontlik staatskole nie. Daar is en sal altyd 'n plek wees vir openbare skole. En daar is openbare skole wat bitter hard werk en baie goeie onderwys lewer. Dit is nie teen hulle gerig nie.

Die bedoeling is dat ons 'n alternatief daarstel wat 'n voedingsbron vir universiteite kan wees. As u net dink aan die standarde in die onderwys. In die verslag van die ministeriële komitee oor die nasionale seniorsertifikaat (26 Mei 2014), word uitgewys dat verskeie buitelandse eksamineringssliggame wat die graad 12 vraestelle ontleed het, uitgewys het dat die vraestelle in die algemeen nie aan internasionale standarde voldoen nie. Dis baie belangrik om hiervan kennis te neem. Verslae in bykans al die vakke bevat nie vrae wat hoër kognitiewe vermoëns vereis nie en dis waar die probleem met die standaard ontstaan. En dan is ons verbaas as ons jongmense 1 - 2 jaar oorbruggingstudie moet doen. Aanvanklik was die oorbruggingstudie net as hy/sy in die buiteland wou gaan studeer. Tans is dit egter ook Suid-Afrika self, en dit klink miskien vreemd, maar gaan kyk na toelatingstoetse van universiteite. In hoeveel gevalle skryf kandidate wat 8 of 10 onderskeidings in matriek behaal het 'n toelatingseksamen en hulle word teruggeskuif; hulle word verplig om 'n oorbruggingskursus te doen.

Hier kan ek uit eie ervaring praat. Toe my seun aansoek gedoen het by Tukkies, was daar van sy maats uit openbare skole met 8



en 10 onderskeidings. Hulle was verplig, selfs met hulle onderskeiding in Rekeningkunde om 'n oorbruggingskursus te doen. Hulle kon nie op die vlak begin wat van 'n eerstejaar verwag word nie. Dit wys dat om die een of ander rede ons standarde nie erken word nie. Hoekom sal ons daarmee aangaan om hulle 'n matrieksertifikaat te laat kry wat dan eintlik nie die papier werd is waarop dit gedruk is nie? As 'n jongmens na die buiteland toe gaan – dit is algemeen bekend, afhangende van die studierigting – moet hulle tussen 'n jaar en twee jaar oorbrugging doen voordat hulle aanvaar word. Dit is 'n aanklag teen ons, teen ons onderwysstelsel en as ons nie iets daaraan doen nie, of dit bly ontken, dan is ons onverantwoordelik en kom nie ons Christelike plig na nie. Die geloofwaardigheid van die stelsel word dus in twyfel getrek, selfs vir 'n kandidaat met onderskeidings. Wat nog te sê as hy/sy nie eers 'n onderskeiding behaal het nie.

Vervolg op bl. 17

Godsdiens, taal en kultuur

Aan godsdiens, taal en kultuur gaan ek nie uitvoerige aandag gee nie; ek gaan u nie verveel met 'n klomp statistiek nie. Daar is meer as genoeg wat u daagliks in die media lees van hoe die taal aangeval word, die aanslag op die godsdiens. Kyk ons maar net na taal, was daar in 2010 altesaam 2 371 Afrikaanse skole in die openbare skolestelsel. Vandag is daar net 2 016. Hou in gedagte dit is reeds 'n breukdeel, maar dit word baie vinnig minder. En dan is ons hier in Gauteng 'geseënd' met mnr Lesufi wat aanval op aanval loods. Hy is die LUR van Gauteng, wat op 28 Oktober 2015, gesê het daar is duisende kinders in Gauteng wat nog plek soek in skole vir die 2016-skooljaar en Afrikaanse staatskole sal hulle deure vir hierdie kinders moet oopgooi. Nou weet u onder watter druk die openbare skole verkeer. Hy sê dan ook of daardie kinders Afrikaans is of nie, hulle sal akkommodeer moet word.

Wat ons geloof betref, sê die Onderwysdepartement op 25 Oktober 2015, dat dit reeds onwettig is vir openbare skole om enige geloof, soos Christenskap, te kies en dit bo ander gelowe te bevorder. Al die verskillende gelowe word dus op die rak uitgepak en die kind kan kies. Ek dink daar is genoeg aandag hieraan gegee, maar ons moet nie die subtiele breinspoeling onderskat nie. Ons moet nie die ideologie wat die staat met sy leerplanne wil oordra onderskat nie. 'n Groot probleem is dat daar nie tans binne die nasionale kurrikulum regtig ruimte vir differensiasie is nie. Die departement poog om dit weer terug te bring deur tegniese onderwys te

vestig, D.V. van 2017 af, maar dit is nog nie vir enige skool beskore nie. 'n Skool moet as 'n tegniese skool registreer.

Die praktiese kursusse wat ons vroeër gehad het is nie meer daar nie. Skole probeer op verskillende maniere om standarde te verhoog, hoëstandaard onderrig daar te stel, maar die kinders kry nie erkenning nie. Kyk ons na die CVO-bedeling, of baie van die skole wat by die IEB, die onafhanklike eksamenraad eksamen skryf, die IEB het tans 'n goedgekeurde gevorderde program. Maar of die kind daardie gevorderde program volg en of hy die gewone matriek volg, hy kry net erkenning vir die gewone matriek. Hoekom sal 'n kind dan nou die ekstra pad stap? Hulle sien nie altyd die waarde daarin nie, maar nog meer hartseer, die ouers sien nie die waarde in van hierdie verrykte programme nie. Alhoewel daar skole is met hoëstandaard onderrig word hulle nie erken nie. Almal word op dieselfde vlak erken. As ons nou moet verklaar dat ons na die krisis in die onderwys kyk, dan is dit omdat ons kinders van 'n toekoms beroof word.

Ons het tans goeie privaatskole, maar almal is steeds gebonde aan die nasionale senior sertifikaat. In die staatsbedeling staan dit as die hersiene nasionale kurrikulum bekend. Binne hierdie kurrikulum is daar nie regtig beweegruimte nie. 'n Mens moet binne die raamwerk daarvan werk. Wat die departement ons toelaat, hulle gee bv. 'n onderwerp, en jy kan inhoud daaraan gee, maar kom jy by grade 10 en 11, oppad na graad 12 toe, is daar baie meer voorskrifte, want jou kind skryf 'n nasionale senior sertifikaat eindeksamen. Dan word jou ruimte vir die verryking van jou eie inhoude bitter beperk.

Behoeftes aan sambreelorganisasie

Verder het onafhanklike skole, privaatskole, 'n groot behoefte aan 'n sambreel-organisasie en dis waar ICO, BCVO en daar is ook ander, by die Engelse groep Crawford, in 'n mate 'n rol vervul. Hierdie sambreel-ondersteuningsliggaam moet die skole met standarde, opleiding, akademiese ondersteuning help, anders is daardie skool op 'n eiland en is daar niemand wat die skool regtig raad kan gee nie. Dis dan veral op akademiese gebied waar ondersteuning regtig nodig is. As 'n mens met van die privaatskole wat nie groepsgegewys georganiseer is nie gaan praat, word dit baie duidelik dat een van hulle grootste behoeftes akademiese ondersteuning is. 'n Onderwyser wil met iemand kan klankbord om te hoor of hulle op die regte pad is en dit is nie oral daar nie. Nou kan ons sê die leerplan is een ding; die privaat eksamenliggame kan darem help. Daar het tans twee privaat eksamenliggame, een volledig geakkrediteer, een gedeeltelik geakkrediteer. IEB, die OER (Onafhanklike Eksamenraad) is bekend vir hoër standarde; is bekend dat hulle skole op graad 12-vlak help. U moet in ag neem, hierdie privaat eksamenliggame het nie 'n leerplan nie, ons kan nie praat van 'n IEB-leerplan of IEB-kurrikulum nie. Dis die nasionale kurrikulum, hulle is verplig om binne die raamwerk van die staat te funksioneer. Die tweede een is SAQUA wat meer gestig is vir die Impak- en tuisskoolgroepe en hulle werk ook net binne die raamwerk van die staat, alhoewel hulle besig is en poog om eie leerplanne te ontwikkel.

Nasionale kurrikulum

'n Mens sou dus kon sê dat een van die grootste tekortkominge is

Vervolg op bl. 18

gebondenheid deur die nasionale kurrikulum. Dit maak nie wat ons doen nie, maak nie saak hoe graag ons wil wegkom nie, as jy 'n graad 12 Umalusi-sertifikaat wil hê dan is jy verplig om die nasionale senior sertifikaat te volg. 'n Ander baie belangrike ding: Umalusi stel jaarliks modérateure aan vir elke vak, dis een persoon wat al die eksamenliggame koördineer. Onthou die staat funksioneer ook as 'n eksamenliggaam, en alhoewel dit 'n klomp provinsies is, word hulle nasionale vraestelle ook nasionaal opgestel, nie meer in provinsies nie. Umalusi stel bv. een persoon aan vir Wiskunde vraestel 1. Hierdie persoon neem al die vraestelle van al die eksamenliggame, sit hulle langs mekaar en kyk dat daar darem ooreenkomste is. Met ander woorde, een mag nie regtig soveel moeiliker wees as 'n ander nie. As ek reg is laat hulle 10% toe maar niks meer nie. Hulle kyk dan ook na vorige jare se vraestelle om 'n standaard daar te stel. As 'n eksamenliggaam se vraestel die vorige jaar teen die einde baie moeilik was, dan mag

dit nie weer die moeilikste wees van die drie vraestelle nie. Met ander woorde jou eksaminator kan sy bes doen, jou onderwyser werk regtig hard, ook by die openbare skole vir twaalf jaar. Maar aan die einde daarvan is jou hande redelik afgekap, want daar is 'n proses wat slaafs gevolg word.

Ek gaan nie eers uitkom by al die punte-aanpassings nie. U weet daarvan, u ken dit in die media. Daarom is die NSF net nie meer geloofwaardig nie. Dus, die alternatiewe wat tans beskikbaar is, is net nie meer voldoende nie. Nou wat is dan nodig? Wat het ons in Suid-Afrika nodig? Ons het gaan kyk en 'n bietjie navorsing gedoen. Ek gaan sommige daarvan met u deel, en motiveer dat die oplossing vir Suid-Afrika die stigting van 'n instituut vir privaatonderwys is. As ons tans in Suid-Afrika nie 'n privaat mediese stelsel gehad het nie, nie privaat hospitale gehad het nie, wat sou ons gemaak het? Dieselfde is op pad in die onderwys. En weer wil ek

beklemtoon, hierdie is nie die vervanging van die openbare skool nie. Openbare skole sal altyd 'n plek hê, maar iewers moet ons as privaatbedeling nou 'n stelsel vestig wat privaat onderwys na hoër hoogtes kan lei.

Herbesin

Ek het aan die begin gesê BCVO was vir vele jare uitgelewer aan vyandige burokrasie. Ons was gedwing om hofsake tot op grondwetlike vlak te dryf. Al daardie hofsake het ons verloor op tegniese punte en nie op feite nie. Iewers moet jy besluit of dit die moeite werd is om voort te veg, selfs toe ons met ERGO ons eie eksamenraad verloor het. En dit neem 'n mens terug na die tekenblad. Ons moes weer gaan sit en herbesin en dink hoe en wat vorentoe. Ek moet vir u sê baie mense het vir my gesê dis onmoontlik, daars nie 'n kans nie. **(Word vervolg in 'n volgende uitgawe – red.)**



Met leedwese

In September vanjaar, nadat ons vorige uitgawe reeds in die drukproses gegaan het, het ons die hartseer tyding verneem van die oorlye van mev. Marlene, eggenote van ds Connie Bester, afgetrede hoof uitvoerende beampste van VCHO tot en met 2005. Ds Connie en Marlene het in daardie stadium reeds ongeveer 'n jaar in George gewoon, sedert hulle in Augustus 2015 heen verhuis het. Sy is op 3 September 2016 oorlede.

Ons het Marlene in Bloemfontein ontmoet, waar die egpaar gedurende die jare dat ds Connie as amptenaar van VCHO gedien het, sedert die negentigerjare gewoon

het. Na aftrede het hulle vir nog ongeveer tien jaar in Bloemfontein gewoon, met die verantwoordelikheid van twee gemeentes op die platteland, waar daar Sondae eredienste waargeneem moes word. Marlene was deurentyds aan ds Connie se sy en het hom getrou bygestaan.

Ons het Marlene leer ken as 'n blymoedige, diepgelowige mens, wat altyd vir haar medemens tyd kon maak, selfs as die huislike verantwoordelikhede en die werkverpligtinge van haar eggenoot veel van haar geverg het. Sy het met 'n opsigtelike verwagting oor die toekoms, veral ook in die



ewige sin daarvan, gelewe, en dit graag met andere gedeel. Haar Christenskap het uitgestaan en was vir almal wat na aan die egpaar gelewe het, 'n inspirasie.

Ons betuig hiermee ons opregte leedwese met ds Connie en die drie dogters, met hulle gesinne. Ons bede is dat hulle die vertroosting van die Here deur Sy Gees sal ontvang.



Wetenskap en die ongeloof

Hugo Hayes

Ongeloof/geloof en die gesagsbronne

In RSG se 19:00 Sondagaand-program, *Uit 'n ander hoek*, van 25 September het die omroeper, Jean Oosthuizen, uitmuntend daarin geslaag om die standpunt van die ongeloof gestel te kry. Hiervoor het hy slegs van die bydraes van proff. Spangenberg en Pepler gebruik gemaak, beide wetenskaplikes wat nie gehuiwer het om die dogma van die Christelike geloof onder verdenking te bring nie. Die program het die relevansie van die Christelik-godsdiensstige/-lewensbeskoulike uitgangspunte tot die heersende ekologiese problematiek in oënskou geneem. Volgens genoemde wetenskaplikes kan die Bybel hierin nie met absolute gesag meesprek nie, aangesien dit (in geskrewe vorm soos ons dit vandag het) eers baie lank ná die geskryfte van die 'oudste' godsdienste verskyn het. Die oudste (antieke) geskryfte dra glo die meeste gesag, daarom word die Bybelse gesag as ondergeskik en eintlik nie-relevant beskou, is die aanvegbare argument.

Anti kerklike dogma; pro wetenskap

Die beredenering – tydens die program – was derhalwe sterk téén die kerk en die kerklike dogma gevoer. Wat die kerke van gereformeerde belydenis betref, betrek dit sonder twyfel die leer soos in die gereformeerde belydenisskrifte vervat. Lg. is met beslistheid teëgesprek en prof. Pepler gaan selfs sover as om te verklaar dat nie aanvaar kan word dat die kosmologiese werklikheid in die sewe dae, soos dit in Bybelse taal verwoord word, geskep sou gewees het nie.

Benewens die ontkenning van die skepping deur die Almagswerk van God-drieëinig, word insgelyks die leer oor die sondeval en dié oor die verlossing dus verwerp. T.o.v. die vraagstuk waarom die toestand van ons aarde is soos wat dit is, bied gemelde Bybelse motiewe vir die geleerdes geen antwoorde nie.

Die antwoorde lê glo eerder in die wetenskap opgesluit, al verklaar prof. Pepler dat dit klaarblyklik nou al reeds (wetenskaplik) te laat is om die aarde te probeer red, aangesien die vernietiging reeds té groot is. Daarmee hang saam die verlies van al die wetenskaplike identifisering en klassifisering van spesies wat reeds uitgesterf het en ander wat op die punt staan om uit te sterf, ens. Oom Oubaas van Sewende Laan-faam – nie sewende hemel nie – sou dit as 'n “nodelose besigheid” kon bestempel – onberedderbaar!

Antwoorde op die noodtoestand gesoek

Antwoorde op die noodtoestand waarin die aarde verkeer, word gevolglik buite dié wat (dogmaties) deur die kerk aangebied word – skepping/sondeval/verlossing – gesoek. In die gesprek oor waarom alles lyk soos wat dit lyk, word die vinger steeds beskuldigend na die kerk gewys. Dit is kerklike dogma wat dit alles so opgedons het, om dit so te stel, is die afleiding wat gemaak word. Hulle soek die antwoorde dan liever in die wetenskap waar hulle nie met dogma gekonfronteer word nie¹, terwyl daar nogtans die erkenning is: die wetenskap is feilbaar. Wetenskap moes egter oor die loop van eeue telkens gekorrigeer word, deurdat dit altyd as voorlopig beskou kan word.

Evolusionisme

Prof. Pepler is van mening dat ons in die gesprek oor die toestand van die aarde veel met ons gewaande (evolusionistiese) voorsate, die ape en bobbejane en wat dies meer, gemeen het. Die skuld wys egter sonder twyfel na die mense wat as die plunderaars en verwoesters van die aarde gebrandmerk moet word, ten koste van hierdie veronregte voorsate. Maar nou bly die vraag nog steeds wát proff. Spangenberg en Pepler se wetenskap kan doen, veral as daardie wetenskap (neo-) Darwinisties van aard is, d.w.s. wetenskap wat uit die ongeloofsdenke van die evolusionisme kom.

Beide geleerdes stel hulle buite die standpunt van die tradisionele geloof, d.w.s. die Bybelse, en is terselfdertyd uitgesproke aanhangers van die evolusionisme. Daarom ervaar hulle, heel tereg, die gróót afstand tussen (ware – red.) geloof en (afvallige – red.) wetenskap. Begrypikerwys staan evolusionistiese wetenskap ver van ware geloof verwyderd, en dit verbaas hoegenaamd nie. Dit is immers duidelik dat ons hier met die Bybelse antitese te doen het: ongeloof teenoor geloof; evolusionisme teenoor Christelike wetenskap ens. Hierdie teenstelling kom in beide wetenskaplikes se beskouing op sake na vore en bevestig opnuut die Bybelse antitese.

¹ Nie dat die afvallige wetenskap nie ook met eie dogma te kampe het nie.

Vervolg op bl. 20

Chaosteorie

'n Interessante perspektief wat prof. Pepler in die program gestel het, kom uit wat as die chaosteorie bestempel kan word, na vore. Prof. Pepler trek die kwessie van chaos in 'n juxta-positie, d.w.s. omgekeerd-teenoorsaande die tradisionele beskouing daarvan, in die redenasie in. Waar, volgens Bybelse oortuiging, bely word dat God alles ordelik geskape het gedurende 'n vasgestelde opeenvolging (in Bybelse taal as ses dae van werk plus 7de van rus) en daar orde en reëlmaat in die skepping waargeneem kan word, keer prof. Pepler dit om, deur die ponering van die chaosteorie.

In sy beleving van die werklikheid wil prof. Pepler dit nie aan goddelike heerskappy (by wyse van verordeninge/wetmatighede) en planmatigheid in die skepping toeskryf nie. Daar is skynbaar 'n bouse mag, die chaosmag, wat sluimerend-werkend is in die natuur. Die afleiding is dat dit op die weg van die wetenskap is om die chaosmag teen te werk. Hoewel hy kies vir die chaosteorie, ten einde 'n verklaring vir wat hy in die skepping waarneem aan te bied, is dit op die weg van die wetenskap om as 'verlosser' in te gryp om die

onbeheersde voorts kryding daarvan te werk. Die wetenskap is nl. vir eeue hiermee besig, maar moet nou gadeslaan hoedat die aftakeling van die aarde 'n punt van onomkeerbaarheid bereik het. Kan evolusionistiese wetenskap hierdie skynbaar hopelose situasie beredder, is die vraag?

Skrifmatige roeping en verantwoordelikheid

'n Waarskuwing – ook aan Christene – moet geneem word uit prof. Pepler se pleidooi dat daar met groot oordeelkundigheid en sensitiwiteit met die bronne in die natuur omgegaan word. Uiteraard, in die Christelike beskouing is dit ons goddelik-opgelegde roeping en verantwoordelikheid in kultuurskepping. Maar om dan van ons te verwag om te moet kies vir een van die die mees primitiewe godsdiens op aarde, wat eintlik slegs maar 'n inherente boodskap van soberheid bevat, is darem te veel gevra. Die veel groter rykdom van die godsdiens en kulturele erfenis aan ons toevertrou deur ons Almagtige en Alwyse God d.m.v. sy Woord- en skeppingsopenbaring gryp ons veel eerder aan, omdat ons weet dat ware verlossing uit die sondeslawerny slegs langs hierdie weg te vind is: deur Jesus Christus die

Hoof en Middelaar van die skepping. Dit maak op sy beurt ons harte en lewens oop vir Sy skepping en skepsele, sodat ons met die regte benadering, ingesteldheid en motiewe besig kan wees met wetenskapsontsluiting. Dan is dit nie meer wetenskap ter wille van die wetenskap nie, maar ter wille van God-drieëinig.

Ongeloof & evolusionisme loop hand-aan-hand

Terugskouend gesien, het Oosthuizen die ongeloofstandpunt uitmuntend bevorder, deurdat, danksy die medewerking van sy gespreks-genote, die onlosmaaklike verband van die ongeloof met die (valse – red.) wetenskap van die evolusionisme geaktualiseer en geaktentueer is. Dié twee (ongeloof en evolusionisme) hoort bymekaar soos vinkel en koljander. Vanuit ons Christelike perspektief gesien, kan dit so beskou word dat Oosthuizen die luisteraars na die program 'n guns bewys het, deurdat hierdie waarheid tussen al die argumente deur weer duidelik geblyk het: Daar kan geen kompromie of selfs versoening tussen ongeloof en waarheids-wetenskap wees nie, of anders gestel: Bybelse geloof is voorwaarde vir Christelike wetenskap. 

Die Hoofbestuur van die VCHO verklaar hiermee dat die standpunte van outeurs in *Roeping en Riglyne* nie noodwendig die amptelike standpunt van die VCHO is nie.

ROEPING
en
RIGLYNE

REDAKTEUR
KERNREDAKSIE: Prof A.W.G. Raath,
Prof D.F.M. Strauss.



Die Uitvoerende Beampte
Posbus 1824
Van Schalkwykstraat 21, Universitas
Bloemfontein
9300 / 9301

Tel. (051) 525 2267 of
(051) 525 2341
Faks (051) 522 4513
E-pos: vcho@mjvn.co.za
Tuisblad: <http://www.vcho.co.za>

HOOFBESTUUR

Prof A.W.G. Raath (Bloemfontein, Voor-
sitter), Prof P.H. Stoker (Potchefstroom,
Ondervoorsitter), Prof E.J. van Niekerk
(Pretoria), Prof I.H. Horn (Pretoria), Prof
H.G. Stoker (Potchefstroom), Dr A.L.A.
Buys (Pretoria), Dr M. Diedericks
(Pretoria) en Ds R. Bain (Potchef-
stroom).

Gekoöpteerde lede: Prof J.A.E. Aden-
dorff (Germiston).

Uitvoerende Beampte: Mnr H.J. Hayes